Jesus ken my naam

# In Josef van Arimatea se skoene

## Bybelteks

*Hierna het Josef van Arimatea, wat uit vrees vir die Jode in die geheim 'n dissipel van Jesus was, Pilatus gaan vra of hy die liggaam van Jesus mag wegneem. Pilatus het dit toegestaan. Josef het toe gegaan en sy liggaam weggeneem. Nikodemus ... het ook gekom en 'n mengsel van ... mirre en adelhout gebring. Hulle het toe Jesus se liggaam geneem en dit saam met geurige speserye in linnedoeke toegedraai ... By die plek waar Hy gekruisig is, was daar 'n tuin, en in die tuin 'n nuwe graf waarin niemand nog ooit neergelê is nie. Daar het hulle Jesus toe neergelê ... aangesien die graf daar naby was.*

**– Johannes 19:38-42**

## Kernwaarheid

**Josef van Arimatea volg Jesus se voorbeeld van vrygewigheid.**

### WELKOM

- Deel jy graag jou speelgoed of eetgoed met jou maats?
- Wat beteken dit om "vrygewig" te wees?

### WONDER

- Wat het Josef van Arimatea vir Pilatus gaan vra nadat Jesus gekruisig is?
- Wie het vir Josef gehelp om Jesus se liggaam in linnedoeke toe te draai?
- Waar het hulle vir Jesus begrawe?

### WEES

Kyk na die geskenkboksie wat jy gemaak het en onthou dat ons ook vrygewig moet wees soos Josef van Arimatea.

### WEGSTUUR

Sit jou geskenkboksie in jou kamer neer. Dit sal jou help onthou om vrygewig te wees. Dink aan een manier waarop jy hierdie week vrygewig kan wees.

# Trek die woorde na en kleur die prentjie in.

